

# Maandag 22 November

Skrifgedeelte: Jesaja 52:7-12	Fokusgedeelte: Jesaja 52:7
-------------------------------	----------------------------

## **Die koms van hom wat die goeie boodskap bring**

Jesaja (veral 2 Jesaja – hoofstuk 40-66) word dikwels die evangelis van die Ou Testament genoem, die verkondiger van die goeie boodskap. Te midde van die uitsiglose situasie van ballingskap smag die verbondsvolk al so lank na verlossing ...

Nou kan hulle hoor dit is nie meer lank nie. As hulle luister, kan hulle al die voetstaptes hoor van die boodskapper wat goeie nuus vir hulle bring! Wat verkondig: Julle God is reddend teenwoordig. Hy is die enigste Koning wat egte vrede en verlossing gee. Juig en jubel, want Hy gaan julle uit julle gevangenskap bevry en terugbring na Jerusalem, na die beloofde land. Maar moet dan nie langer talm nie, gee pad uit Babel uit. Hierdie opdrag impliseer beide afsondering en beweging (vs 11). Want uit hulle eintlike groot ellende, die sonde, daaruit gaan God hulle ook verlos. In die formulier vir die bevestiging van bedienaars van die Woord word aan die gemeente gesê: "Laat die koms van hom wat die goeie boodskap bring, vir u lieflik en aangenaam wees." Ervaar en beleef jy dit so? In die erediens en katekisasieklas en met huisbesoek? Hoor jy die goeie nuus dat jy 'n Koning het wat ware vrede en verlossing vir jou gee? Ons moet sy evangelie verkondig en daarvolgens lewe. Evangelie is die goeie nuus oor Hom deur Wie God mense met Hom versoen en harte en lewens verander. Bring die boodskap van Jesus Christus se verlossing aan ander in nood en kondig die vrede en redding wat gekom het aan. Dan word ook jou voetstaptes vir hulle lieflik en aangenaam.

*Sing: Psalm 48-1:1, 4*

*Ds. DJA Booyens (Danie) (Koster)*